Sondag **7 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 2 :1-12**

**Fokusgedeelte: Psalm 2 2:11 (AFR2020)**

**Daar is geen grysgebied by God nie**

Die mens glo in God of is Godloos. Die Psalmdigter sê: Die wat teen Hom stelling inneem, spreek Hy in sy toorn aan. Maar ons wat glo, wil Hom dien met ontsag en Hom toejuig. In vers 1-3 wys die digter op hulle wat in opstand teen God is. Hulle ken wel vir God. Met spottende verbasing word hier gevra: "Waarom woel die nasies en bedink (1953) nuttelose planne?" (2020). Die Hebreeuse woord het die betekenis van "mompel." Die konings van die aarde, die mense hou raad, mompel, teen die Gesalfde. Hulle wil God-loos en God-los wees.

Ons het daagliks met sulke mense te make. Rondom ons vind ons traes en loues en onverskilliges. Op straat, in gesprekke, in die sosiale media. Hulle ken God. Maar hulle wil nie deur 'n verpligting aan Hom gebind wees nie. Die digter sê die Here sal die opstandiges in sy toorn aanspreek en in sy woede hulle verskrik. Want daar is geen grysgebied by God nie.

Wat sou ander by ons sien en hoor? 'n Opregte geloofslewe? Getroue kerkbesoek? Hoor hulle by ons vermaning en bemoediging dat God se vernuwing onstuitbaar is vir die wat glo? Bid ons vir die werking van die Gees by hulle, of stap ons net verby en ignoreer hulle? Jesus het vir die Fariseërs gesê: "As hulle swyg, sal die klippe uitroep." Wees dus vir die wêreld ware getuies van die onstuitbare genade van God, vir die wat glo, jy gaan vandag die ander raakloop of hoor. Wat gaan hulle van jou beleef?

*Sing: Psalm 119-1:13*

*Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)*